DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

18 April 2021



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Mat 13: 31-33, Markus 4: 30-32, Lukas 13: 18-21, HK So 31 |
| **Tema** | Die Koninkryk kom! |
| **Sang** | Skrifberyming 14-1: 1, 2<br>Psalm 25: 2<br>Skrifberyming 14-3: 3, 4<br>Psalm 147: 5<br>Skrifberyming 14-1: 3 |

Toe Pilatus vir Jesus ondervra het, het Hy gesê dat sy koninkryk nie soos ‘n aardse ryk werk nie. Hy is nie ‘n aardse koning nie. Hy sterf om te oorwin. Hy verander van blyplek en tog is Hy hier om te regeer. Hoe word ons deel daarvan? Onthou dat die koninkryk oopgesluit word op aarde en hou tot in ewigheid aan. Ons bely dat die Woord die koninkryk oopsluit. Jesus vertel verskillende gelykenisse om aan ons die aard en karakter van die koninkryk te verduidelik. ‘n Gelykenis is ‘n alledaagse beeld met ‘n wyer geestelike betekenis.

Hoe moet die evangelie die uithoeke van die aarde bereik? Jesus van Nasaret, wat in Palestina geleef en geleer het, Hy wat so nederig en so sagmoedig was…Hý is die gestuurde van God, die Seun van God, wat met sagmoedigheid en liefde die suurdeeg word wat die wêreld verander! Wat ‘n vreemde suurdeeg! In die wêreld vol haat en oorlog, vol hebsug en selfsug...kom die koninkryk van die hemel soos suurdeeg. Vol liefde, selfversaking en waarheid. Jesus bring ‘n koninkryk deur lyding,
gehoorsaamheid en genade. En Hy sê dat Sy suurdeeg die hele meel sal deursuur. Dat iets nuut en heerlik die aarde sal inneem en uiteindelik oor alles wat boos is sal triomfeer.

So is dit ook met die gelykenis van die mosterdsaadjie. Die evangelie van Jesus Christus groei bo ander gelowe uit. Miljoene vind beskutting in die genade daarvan. Dit staan onvernietigbaar en triomfantlik ná al die pogings om dit uit te roei. Dit is die triomf van die evangelie van Jesus Christus. In hierdie triomf deel die kinders van God. Elkeen wat luister en voor die Koning buig, word deel hiervan en word self ook suurdeeg. Ons is God se medewerkers. Hiertoe is ons vrygekoop en geroep. Christen-wees is suurdeeg-wees.

Die suurdeeg druk die gedagte van onsigbaarheid uit, maar dra ook die gedagte van die onstuitbare werking van die koninkryk aan ons oor. Soos die suurdeeg onsigbaar werk, maar uiteindelik alles deursuur, so is dit met die koninkryk van God. Die gelykenis wil 'n belangrike begrip by ons tuisbring, naamlik die transformerende krag van die suurdeeg. Die suurdeeg verander die totale karakter van die meel waarmee dit gemeng word.

Ons word opgeroep tot betrokkenheid by die wêreld waarin ons bly en nie tot onttrekking uit die wêreld uit nie. Suurdeeg kan slegs werk as dit gemeng word met die deeg. Anders beteken dit niks. So gaan dit met die diens aan Jesus. Hy roep ons om die wêreld in te gaan, dissipels te maak en die mense te doop en te leer (Matt 28:19-20). Om te bid om die konkryk te laat kom as instrument in God se hand.

Die koninkryk van die hemel op hierdie aarde is nie baie opspraakwekkend nie. 'n Baba in 'n krip, gelowiges vs die magtige Romeinse ryk, of die Jood van Nasaret en die klompie vissermanne wat Hom volg, of die kruis? Dit is soos die koninkryk van die hemele lyk! Wie weet van die krag wat daar verborge is in die gemeenskap van die gelowiges? Die koninkryk van die hemel het nie met groot trompetgeskal aangebreek en die goddelose met vuur verteer nie. Dit het gekom op 'n stil en verborge manier en sal verborge bly tot die einde toe. Die gelykenisse vertel dat werklike koninkrykskrag teenwoordig is in die nederigste plekke en by die onwaarskynlikste mense.

Daar waar God se kinders werk – klein en onopvallend – is God deur sy Gees werksaam. Daar kom sy koninkryk! Die geskiedenis het dit bevestig. Die Romeinse ryk bestaan nog net in geskiedenisboeke en ruïnes, terwyl die lof van Jesus daagliks oor die wêreld heen besing word. In baie gevalle sal Christene slegs klein bewyse sien van die vordering en groei. In God se hande het elkeen van die klein en skynbaar betekenislose handelinge en optrede die potensiaal om groot en omvangryke resultate te hê.

## OOG VIR MEKAAR



* Hester vd Merwe het Maandag ‘n skouer operasie ondergaan en sterk tans tuis aan, ons bid haar vinnige herstel toe.
* Ons bid saam met Rika Schutte vir die behandeling wat die week weer begin. Mag die Here jou vashou en dra.
* Ons dank die Here dat Hy almal wat swaarkry versterk.
* Ons bid vir uitkoms in elke huis wat swaarkry en gebuk gaan onder die las van die inperking en die pandemie.
* Ons dank aan die gemeente wat die diakonie voortdurend ondersteun het, om met hulle werk voort te gaan.
* Die staatskole sluit komende Vrydag. Ons wens ons kinders en onderwysers ‘n geseënde week toe.
* Sterkte aan die kinders en onderwysers in privaatskole wie se 2de kwartaal die afgelope week weer begin het.
* Ons poog om tussendeur die belydenisklas van 2020 af te handel, sodat die kinders openbare belydenis van hulle geloof kan doen

# TEESKINKBEURTE

**18 April 2021** Almal wat beskikbaar is

**25 April 2021** Gemeente braai en saam kuier!!!



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# HEMELVAART DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 13 Mei 2021 om 18:00. Onthou om asb vroegtydig plekke te bespreek vir hierdie dienste.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 20 April 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 20 April 2021 | 18:15 | Pastorie | Finanskommissie |
| 21 April 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Net by God vind ek rus,

want op Hom vertrou ek.

*Psalm 62:6*

# DIAKONIE



Die diakonie loods weer ‘n fondsinsamelings projek ten bate van gemeente lede wat agv die pandemie swaar trek te help. Dit is ‘n rialiteit dat die Covid -19 pandemie ‘n groot impak gemaak het op almal se lewens, meer in sommige gevalle en minder in ander.

Om die rede loods die diakonie weer ‘n projek en sal hulle die lekkerste bobotie met geel rys en soet patats verkoop teen slegs R 50.00 per maaltyd.

Bestellings kan tot en met Woensdag 28 April 2021 geplaas word by Theuns op  064 549 7520 en dan opgetel word vanaf 17:00 op Vrydag 30 April 2021 by die kerkgebou.

***KOM EN ONDERSTEUN ONS MET DIE PROJEK !!!!!!!!!***

*************

Die diakonie wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om al die lidmate te bedank vir hulle volgehoue ondersteuning deur die pandemie, almal se bydraes het die diakonie instaatgestel om hulle taak binne die gemeente sonder onderbruiking te doen, deur hulp aan ander te verleen wat dit nodig het.

Die diakonie vra dan ook vir lidmate wat kan help met ***skenkings van maalvleis, rys en patats om asb ‘n skenking te maak*** om die diakonie so te help om van die huidige projek ook ‘n sukses te maak.





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 18 Apr | Hantie Hoogenboezem<br>Wiekie Van Ree | 56<br>47 | B<br>B | 082 699 0202<br>079 507 4563 |
| Ma 19 Apr | ***Anna Du Toit **** <br>Anne-Marie vd Walt<br>Anneré Nieuwoudt | **76**<br>40<br>25 | B<br>B<br>B | 083 305 7855<br>078 025 2045<br>071 868 1467 |
| Di 20 Apr | Terry Peyper<br>Rinus Wolmerans | 63<br>49 | B<br>B | 082 853 6074<br>082 259 1051 |
| Wo 21 Apr | André vd Merwe<br>Rikus Korff | 64<br>26 | B<br>B | 082 453 5366<br>083 291 9550 |
| Do 22 Apr | Peet Oosthuizen | 35 | B | 073 057 0870 |
| Vr 23 Apr | ***Fanie Hattingh **** <br>Dolly Geldenhuys | ***79***<br>54 | B<br>B | 082 556 7681<br>072 082 5334 |
| Sa 24 Apr | Ruan Olivier<br>De Wet Hoogendyk | 32<br>5 | B<br>D | 072 921 5966<br>084 802 3323 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 20 April 1996 | Jaco en Anna Nel | 25 | 083 696 9089<br>083 337 3486 |
| 21 April 2007 | Riaan en Louise Pretorius | 14 | 082 748 5841<br>083 686 4256 |
| 23April 1977 | Francois en Heila Lessing | 44 | 083 626 0185<br>083 627 4191 |
| 24 April 2004 | Braam en Nita Schutte | 17 | 079 515 1425<br>082 813 3887 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
FEB
MRT
R 9 420.00
R 25 297.05
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
INKOMSTE
UITGAWES

# GEMEENTEBRAAI : 25 APRIL

*U elkeen word hiermee hartlik uitgenooi na die gemeentebraai.*

**Spyskaart: Braaivleis, met pap en sous natuurlik.**
**Tyd: Na die erediens**

***Wat moet u saambring:***

*Elke gesin moet asseblief 'n slaai voorsien – groot genoeg vir u gesin. Die slaaie gaan, soos gebruiklik, op een tafel geplaas word sodat almal saam daarvan kan eet.*


*U eie eetgerei en drinkgoed.*

**Op die kennisgewingbord is daar 'n lys aangebring waarop u asseblief u naam moet skryf indien u die ete gaan bywoon – doen dit vandag!**

Ons sien uit daarna om heerlik saam met u elkeen te kuier.


BASAAR
Saterdag oggend
31 Julie 2021
Vanaf 08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (2)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 24 tot 26 Sept by Jabuwoni**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Jesus het gesê: "Hoe is die koninkryk van God? Waarmee kan Ek dit vergelyk? Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy tuin geplant het. Dit het gegroei en 'n boom geword en die voëls het in sy takke kom nes maak."*

*Lukas 13: 18-19*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS